NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2019

# GESKIEDENIS: VRAESTEL II

## NASIENRIGLYNE

Tyd: 3 uur | 200 punte

---

**Hierdie nasienriglyne word voorberei vir gebruik deur eksaminatore en hulpeksaminatore. Daar word van alle nasieners vereis om 'n standaardiserings-vergadering by te woon om te verseker dat die nasienriglyne konsekwent vertolk en toegepas word tydens die nasien van kandidate se skrifte.**

**Die IEB sal *geen* gesprek aanknoop of korrespondensie voer oor enige nasienriglyne nie. Daar word toegegee dat verskillende menings rondom sake van beklemtoning van detail in sodanige riglyne mag voorkom. Dit is ook voor die hand liggend dat, sonder die voordeel van bywoning van 'n standaardiserings-vergadering, daar verskillende vertolkings mag wees van die toepassing van die nasienriglyne.**

---

IEB Copyright © 2019

**Hierdie memorandum dien as riglyn.**

## AFDELING A INDIVIDUELEBRONONTLEDING

## VRAAG 1 VISUELEBRONONTLEDING

1.1 *Gebruik jou eie kennis om TWEE moontlike redes vir die teenwoordigheid van troepe in die townships in 1985 te gee.*

**[VLAK 1 en VLAK 2]**
- Regeringsbeleid van hervorming en onderdrukking het gelei tot weerstand teen die regering.
- Huurboikotte en geweld teen township-raadslede in die Vaaldriehoek-opstande.
- In 1985 het die ANC in ballingskap ondersteuners gevra om Suid-Afrika onregeerbaar te maak.
- Township-opstande teen die regering het in geweld ontaard.
- Die regering het die SAW/ weermag/ troepe na die townships gestuur.
- Om wet en orde te herstel.
- In 1985 het Botha 'n noodtoestand afgekondig, en troepe na die townships gestuur.
- Die SAW in townships was 'n daad van aggressie en is as intimidasie deur die regering gebruik.
- Aksie om protes te onderdruk.

**[Enige TWEE toepaslike, akkurate punte]**

1.2 *Hoe beeld die foto die Nasionale Party-regering uit? Ondersteun jou antwoord met TWEE visuele leidrade.*

**[VLAK 2]**
- Beskrywing: magtig/ goed bewapen/ aggressief/ oorheers deur wit mans/ militêre staat/ intimiderend/ barbaars/ soos die vyand/ vyandelik/ hardhandig/ besettingstroepe/ drakonies.
- Leidrade: weermagvoertuie/ soldate/ wit mans/ gewapen/ in groot militêre voertuie/ Casspirs toring bo 'n ongewapende vrou uit.

- Ken slegs 1 punt toe vir die beskrywing van die negatiewe uitbeelding met 'n swak bewys.
- Ken volpunte toe vir die beskrywing van die negatiewe uitbeelding met grondige bewyse.
- Die visuele leidraad en die beskrywing moet duidelik met mekaar verband hou.

**[Beskrywing + 2 leidrade]**

1.3 *Identifiseer die vorm van protes wat deur die vrou gebruik word. Ondersteun jou antwoord met EEN visuele leidraad.*

**[VLAK 2]**

- Soort protes: vreedsaam/ nie-gewelddadig/ uitdagend/ passievol/ ongewapend/ individuele protes.
- Leidraad: ongewapend/ staan alleen met arms en vuiste in die lug/ Sy wys die Amandla!-teken/ mag-van-die-mense-houding.

**[2 vir oordeel + 2 vir leidraad]**

1.4 *Verskaf 'n toepaslike opskrif vir die foto uit die perspektief van 'n:*

1.4.1 *United Democratic Front- (UDF-)pamflet*

**[VLAK 4]**

Opskrif moet kort wees en die UDF se negatiewe perspektief van die regering en/of die dapperheid van die vrou wat op haar eie betoog, toon/ beklemtoon die regering se mislukking om die protes te beëindig.

**[Enige toepaslike antwoord wat gepaste vooroordeel ten gunste van betoger toon]**

1.4.2 *Nasionale Party-koerant*

**[VLAK 4]**

Opskrif moet kort wees en die koerant se positiewe perspektief van die regering toon en/of die dapperheid of krag van die weermag of jong mans beklemtoon; beskryf die vrou as 'n kommunis of terroris of 'n slagoffer van kommunistiese propaganda wat magteloos is teen die krag van die gewapende magte/ lewer kommentaar op die mag van die regering/ beskerming wat die regering bied.

**[Enige toepaslike antwoord wat gepaste vooroordeel ten gunste van regering toon]**

1.5 *Hoe sou die Anti-apartheidsbeweging dalk op hierdie foto gereageer het?*

**[VLAK 4]**

- Skok, afkeur. (Moenie positiewe en negatiewe reaksies sonder 'n verduideliking aanvaar nie.)
- Druk geplaas op Nasionale Party-regering om troepe te verwyder.
- Anti-apartheidsbeweging kon beelde gebruik het om teen die apartheid-staat te betoog.
- Sanksies of oproep tot sanksies.
- Ondersteunend/ simpatiek teenoor protesterende vrou

**[Enige akkurate, toepaslike antwoord]**

IEB Copyright © 2019 

## VRAAG 2 TEKSBRONONTLEDING

2.1 *Verskaf TWEE aanhalings uit die bron om Swartbewussyn te definieer.*

**[VLAK 2]**
- "Swart is pragtig"
- "… ons jeug geïnspireer om die gevoel van minderwaardigheid af te skud"
- "… laat jouself geld en wees selfstandig …"
- " ... hulle het trots gevoel..."

**[Enige TWEE aanhalings, geen parafrasering nie]**

2.2 *Wat glo Mandela was die belangrikste bydrae van die Swartbewussyns-beweging? Verskaf EEN aanhaling om jou antwoord te ondersteun.*

**[VLAK 4]**
- Die boodskap om mense tot aktivisme te motiveer/ optrede/ om hulself te bevry/ het 'n passie by die jeug aangewakker/ demokratiese beginsels/ veg vir verandering.
- "Hy het verstaan dat 'n verslaafde volk deur hul dade vrygemaak word."
- "Hy het gefokus op hoe om ons mense tot aksie te laat oorgaan, op hoe ons ons vryheid kon bereik."
- "Swart is Pragtig"
- "... ons jeug geïnspireer om die gevoel van minderwaardigheid af te skud"

**[2 punte vir bydrae en 2 punte vir enige EEN aanhaling. Die bydrae en die aanhaling moet duidelik bymekaar aansluit; indien die bydrae verkeerd is en die aanhaling korrek, kry die kandidaat geen punte nie want die vraag is dan verkeerd verstaan.]**

2.3 *Waarom was 'n "verband tussen die ANC en die Swartbewussynsbeweging" as "ondenkbaar" vir die Suid-Afrikaanse regering beskou? Verduidelik jou antwoord deur jou eie kennis te gebruik.*

**[VLAK 3]**
- Samewerking tussen die ANC en die Swartbewussynsbeweging sal eenwording of groter eenheid van die weerstandsbewegings aandui en sal dit moeiliker maak om protes en opstand teen die regering te onderdruk.
- Dit sal die regering se vermoë om opposisie te onderdruk, verswak.
- Die ANC is verban en die Swartbewussynsbeweging sou idees kry en invloed vir die ANC binne Suid-Afrika wen as hulle saamwerk.
- Die ANC is verban en dus sou die regering nie samewerking toelaat nie.
- Die doel van die regering was om weerstand te verdeel en te onderdruk en hierdie idee van eenheid was teen hul beleid.
- ANC en SBB het ideologies verskil en was dus onverenigbaar.

**[Enige EEN akkurate, toepaslike antwoord]**

2.4 *Verskaf EEN bewys uit die bron wat aantoon dat weerstand teen apartheid gedurende die 1970's gevaarlik was*.

**[VLAK 2]**

- Hy het 'n ruimte te midde van onderdrukking gesmee
- Hy is in hegtenis geneem
- Vergaderings is in die geheim gehou/ geheime vergaderings gehou
- Beskryf Biko as dapper en moedig

**[Enige EEN aanhaling of geparafraseerde antwoord]**

2.5 *Verduidelik Nelson Mandela se perspektief van Steve Biko. Verskaf DRIE bewyse uit die bron om jou antwoord te ondersteun.*

**[VLAK 4 en 6]**

- Mandela ondersteun Biko/ Mandela het Biko as noodsaaklik vir die beweging of as 'n sleutelfiguur in die sukses van die beweging beskou /het hom as magtige simbool vir die jeug beskou/ positief/ dapper/ invloedryk/ belangrik/ inklusiewe invloed (Enige een vir 2 punte).
- Emosionele woorde: "dapper/ moedig".
- Lof/ heldhaftigheid/ gebruik van positiewe metafore: "Hy het 'n ruimte gesmee"/ "Hy was die vonk"/ "Hy het 'n passie laat ontbrand".
- Inklusief: hy het 'n breë spektrum geraadpleeg.
- Het gehelp om 'n demokratiese Suid-Afrika te skep.
- Heldhaftigheid: "Hy het geïnspireer"/ "Hy het verstaan"/ Toon dat hy swaarkry vir 'n groter saak verduur het: Hy het 'n ruimte te midde van onderdrukking gesmee/ hy is in hegtenis geneem.

**[Al 3 bewyse moet by die perspektief pas en veelvuldige perspektiewe met ondersteunende bewyse verdien volpunte. Variasie word aanvaar maar 3 geskakelde bewyse is belangrik.]**

IEB Copyright © 2019 

## VRAAG 3 HUIDIGE KWESSIE IN DIE MEDIA

3.1 *Gebruik jou eie kennis om die posisie te verduidelik wat elkeen van die volgende geskiedkundige persone beklee het om 'n demokratiese Suid-Afrika in die 1990's te skep.*

**[ALMAL VLAK 1 en 2]**

*3.1.1 Cyril Ramaphosa*

Hoofonderhandelaar vir die ANC tydens Kodesa; gehelp om kompromie-ooreenkomste tydens die onderhandelingsproses te bereik/ rekord van verstandhouding/ hoëprofielposisie in die ANC

*3.1.2 Aartsbiskop Desmond Tutu*

Gevra dat sanksies gehandhaaf word om die regering te dwing om te onderhandel/ Hoof van die Waarheids- en Versoeningskommissie/ ondersteun vreedsame protes teen die regering gedurende die 1980's/ Aartsbiskop van die Anglikaanse Kerk/ voorsitter van die WVK/ leier van die Wêreldraad van Kerke.

**[Enige toepaslike, akkurate inligting vir elk]**

3.2 *Vind 'n historiese konsep in die bron wat die beste by elk van die volgende definisies pas. Skryf slegs die historiese konsep neer. (Geen verduideliking word benodig nie.)*

**[ALMAL VLAK 2]**

3.2.1 *'n Amptelike kwytskelding vir politieke misdade.*

**Amnestie**

3.2.2 *'n Suid-Afrikaanse beleid van rassediskriminasie.*

**Apartheid**

3.2.3 *Die beëindiging van konflik tussen voormalige vyande of opponerende groepe*.

**Rekonsiliasie/ versoenend**

3.2.4 *Suid-Afrika se wetgewende liggaam wat bestaan uit verkose verteenwoordigers.*

**Parlement**

3.3 *Wat was, volgens die artikel, dr. Boraine se grootste prestasie?*

**[VLAK 2]**
Die stigting en bestuur van die Waarheids- en Versoeningskommissie.

IEB Copyright © 2019 

3.4 *Het Boraine, volgens hierdie artikel, geglo dat die Waarheids- en Versoeningskommissie misluk het in sy hantering van oortreders van apartheidsmisdade? Motiveer jou antwoord met bewyse uit die bron.*

**[VLAK 6]**

- Die Waarheids- en Versoeningskommissie (WVK) het nie gefaal in die hantering van oortreders nie.
- Die WVK het die strengste amnestievoorwaardes in die wêreld gehad en die meeste mense het nie amnestie ontvang nie.
- Die WVK kon nie oortreders vervolg nie, net die regstelsel kon oortreders vervolg. Die owerhede het misluk of geweier om die sake te vervolg en dié wat gruweldade gepleeg het, is nooit vir hul misdade vervolg nie.
- Die owerhede het nie die oortreders wat nie amnestie ontvang het nie, vervolg nie.

**[2 punte vir verduideliking en 4 punte vir bewyse. Kandidate moet identifiseer dat die WVK nie kon vervolg nie en gevolglik het die regstelsel in gebreke gebly om WVK-bevindings op te volg. Indien die standpunt verkeerd is, word geen punte toegeken nie aangesien hierdie 'n Vlak 6-antwoord is.]**

IEB Copyright © 2019

## AFDELING B BRONGEBASEERDE VRAE

### Verwys na Bron A

4. *Skryf TWEE beginsels neer wat dr. Martin Luther King jr. tot die Burgerregtebeweging bygedra het.*

**[VLAK 2]**
- Gelykheid.
- Nie-gewelddadige/ vreedsame protes/ verandering op vreedsame wyse.

[Beide punte moet teenwoordig wees: gelykheid en vreedsaamheid]

5. *Verskaf EEN bewys uit die bron om aan te toon dat dr. Martin Luther King jr. die sleutel tot sukses van die Burgerregtebeweging was.*

**[VLAK 2]**
King se boodskap het die beweging se getalle laat groei/ het die beweging se ondersteuners vermeerder/ morele krag/ onbetwisbare leier/ verandering deur vreedsame metodes

**[Kan geparafraseer of aangehaal wees]**

6. *Gebruik jou eie kennis om te verduidelik waarom dr. Martin Luther King jr. gedurende die 1960's "… een van die mees gehate mans van sy tyd …" was. Verskaf TWEE omvattende punte*.

**[VLAK 4]**
- Hy is gehaat deur mense wat wit oorheersing voorgestaan het omdat hy die rassistiese tradisies en wette van die gesegregeerde Suide uitgedaag het.
- Hy is daarvan beskuldig dat hy geweld aangewakker het en is deur die FBI as 'n nasionale veiligheidsbedreiging beskou.
- Die Swartmagbeweging en Malcolm X het sy metodes as te stadig beskou en gedink die Noordelike state is afgeskeep/ jonger generasie Afro-Amerikaners/ Afro-Amerikaanse gemeenskappe wat in ghetto's in die noordelike state gewoon het, het ook so gevoel.
- Eien homself onverdiende krediet vir die sukses van die Burger-regtebeweging toe.
- Inklusiwiteit vs. selfstandigheid – beleidsverskil
- Viëtnam: teen-Viëtnam-standpunt veroorsaak spanning

**[Enige twee toepaslike antwoorde of punte]**

### Verwys na Bron B

7. *Gebruik jou eie kennis om TWEE wetgewende suksesse te noem wat in die middel-1960's deur die Burgerregtebeweging bereik is.*

**[VLAK 1]**
- Wet op Burgerregte (1964)
- Wet op Stemreg (1965) / Stemwet

**[Datums word nie vereis nie]**

8. *In watter mate het die Burgerregtebeweging toestande vir plaaslike gemeenskappe gedurende die 1960's verbeter? Gebruik bewyse uit die bron en jou eie kennis om jou antwoord te ondersteun.*

**[VLAK 4 en 6]**
- In 'n mate
- Die Burgerregtebeweging het King na die gesegregeerde Suide gebring en daarmee saam ook media-aandag. Dit het segregasie in hierdie gemeenskappe uitgedaag en gelei tot 'n verbetering in die lewenskwaliteit vir Afro-Amerikaners in hierdie gemeenskappe.
- Toe King vertrek het, moes die Afro-Amerikaanse gemeenskap egter die ongunstige reaksie/ gewelddadige optrede van die wit gemeenskappe hanteer en die Afro-Amerikaanse gemeenskappe was uitgeput.
- Gevolglik het die toestande op kort termyn nie noodwendig verbeter nie, maar hulle het op lang termyn wel verbeter weens die beëindiging van segregasie.

**[2 punte vir standpunt en 4 punte vir verduideliking deur gebruik van bronbewyse en eie kennis vir totaal van 6]**

9. *Wat glo huidige kenners het tot die suksesvolle desegregasie van die Suide gelei, volgens hierdie artikel?*

**[VLAK 2]**
- Interaktiwiteit tussen nasionaal en plaaslik, politiek en kultuur en … leiers en volgelinge …/ plaaslike leiers en plaaslike pogings om met King saam te werk/ media-aandag.

**Verwys na Bron C**

10. *Noem VIER maniere waarop dr. Martin Luther King jr. bygedra het tot die sukses van die Burgerregtebeweging.*

**[VLAK 2]**
- King se prestige as 'n simboliese leier/ die King-mite
- intellektuele eenvoud van sy filosofie
- vriend in die Wit Huis
- welsprekendheid
- vermoë om ondersteuners aan te moedig of te verenig
- jeugaktivisme

**[Enige VIER aangehaalde of geparafraseerde punte]**

11. *Gebruik die bron om die mite rondom dr. Martin Luther King jr. se leierskap te beskryf. Jou antwoord moet uit TWEE punte bestaan.*

**[VLAK 2]**
- Die mite stel dat King as leier die enigste inisieerder van die beweging was.

IEB Copyright © 2019

- Die mite stel ook dat King onontbeerlik was vir die beweging; hy was die enigste belangrike leier.
- Hy was die enigste belangrike leier

12. *Hoekom het kenners geargumenteer dat die "King-mite" 'n onakkurate ontleding van die Burgerregtebeweging was? Jou antwoord moet uit TWEE punte bestaan.*

**[VLAK 4 en 2]**

- Dit is onakkuraat omdat dit die rol van plaaslike gemeenskappe wat die betogings sonder King se hulp organiseer het, misken.
- Dit is ook onakkuraat ten opsigte van King omdat dit 'n wanvoorstelling of oordrywing van sy baie belangrike rol en bydrae tot die beweging is.
- Hulle het sy vermoë om goeie toesprake te maak gebruik, maar hulle was nie werklik van hom afhanklik nie.

**Verwys na Bron D en Bron E**

13. ***Vind 'n historiese konsep in Bron D of E wat die beste pas by elk van die volgende definisies. Skryf slegs die historiese konsep neer. (Geen verduideliking word benodig nie.)***

**[ALMAL VLAK 2]**

13.1 *'n Tipe nie-gewelddadige burgerlike ongehoorsaamheid waar betogers 'n openbare plek betree en bly sit totdat hulle hardhandig verwyder word of totdat daar op hul griewe gereageer word.*

**Sitbetogings**

13.2 *'n Groep voorstanders van wit heerskappy wat in die Amerikaanse Suide gestig is.*

**Ku Klux Klan/ KKK**

13.3 *Die oopstel van openbare fasiliteite vir alle rasse.*

**Desegregasie/ integrasie**

13.4 *'n Studentgeleide burgerregteveldtog wat hulle daarvoor beywer het om politieke regte vir Afro-Amerikaners in die Diep Suide te verseker.*

**Mississippi Vryheidsomer 1964/ Vryheidsomer/ Vryheidsomer van 1964/ Mississippi Vryheidsomer/ veldtogte om kiesers te registreer/ Vryheidsritte/ Greensboro-besetting**

13.5 *'n Geloof in Afro-Amerikaanse trots, onafhanklikheid en die verkryging van burgerregte deur meer aggressiewe optrede.*

**Swartmag**

**Verwys na Bron D en Bron E**

14. *Gebruik ALBEI bronne om die verhouding tussen dr. Martin Luther King jr. en die Student Nonviolent Coordinating Committee (SNCC) te verduidelik. Verskaf VIER punte.*

**[VLAK 4 en VLAK 5]**

- King en SNCC het mekaar erken en ondersteun, alhoewel King deur SNCC gekritiseer is. Hulle het gelykheid met effens verskillende beginsels en metodes nagestreef.
- King het SNCC erken en geprys en wou hê dat hulle met die SCLC moes affilieer.
- SNCC erken King as 'n geliefde leier in die gemeenskap en ondersteun sy nie-gewelddadige protes, maar wou apart van die SCLC wees.
- Alhoewel SNCC King se rol erken het, het hulle hom gekritiseer omdat hy te stadig was en hulle het sy nie-gewelddadige benadering as 'n politieke taktiek beskou.
- SNCC het verder gekyk as King se integrasie-inisiatiewe en wou wyer sosiale verandering hê.
- SNCC het gesoek na nuwe taktieke en doelwitte buite King se beginsels.
- King is beskou as uit voeling met die jeug.

**Verwys na Bron F**

15. *Gebruik jou eie kennis om die doelstellings en metodes van die 1961 Vryheidsritte te beskryf.*

**[VLAK 2]**

- Doel: toets desegregasie/ desegregeer busterminusse in die Suide/ toets of segregasie steeds by busterminusse en openbare fasiliteite in die Suide bestaan/ dwing regering om aandag te skenk aan segregasie wat steeds in die Suide toegepas word/ trek media-aandag om teen segregasie te protesteer.
- Metode: nie-gewelddadige protes deur op busse in die suidelike state te ry en die fasiliteite by busterminusse te gebruik om te toets of segregasie nog bestaan.

**[2 punte doelstelling en 2 punte metode]**

16. *Hoe het wit lede van die Montgomery-gemeenskap op die Vryheidsritte gereageer? Ondersteun jou antwoord met TWEE aanhalings uit die bron.*

**[VLAK 4 en 2]**

- Die wit gemeenskapslede het geweld teen die aktiviste gebruik/ nie-ondersteunend/ dreigende gedrag/ woede/ aggresief/ negatief.
- "Ons is ... aangerand en bebloed en bewusteloos ... agtergelaat ..."
- "['n Groep wittes] het probeer om die kerk af te brand …"

**[2 punte vir verduideliking en 4 punte vir 2 aanhalings]**

17. *Hoe beskou John Lewis die rol van dr. Martin Luther King jr. in die Burgerregtebeweging? Ondersteun jou antwoord met DRIE aanhalings.*

**[VLAK 4]**
- Hy beskou King as die sentrale of belangrikste element van die beweging./ Hy beskou King as die dryfkrag agter die beweging/ die motiveerder van die beweging/ beskou King as belangrikste in die sukses van die beweging./ King word as die held van die beweging beskou/ polities magtig.
- "Hy het my geïnspireer."
  "Hy het my opgehef."
- "Hy was 'n dapper en moedige persoon ..."
- "... as jy na sy toesprake geluister het of wanneer hy met jou gepraat het, was jy gereed om uit te gaan en jou lewe op die spel te plaas ..."
- "King het 'n oproep na [prokureur-generaal] Robert Kennedy gemaak"

**[2 punte vir rol en 6 punte vir enige DRIE aanhalings]**

18. *Hoe betroubaar is hierdie bron vir die bestudering van die inspirerende aard van dr. Martin Luther King jr. gedurende die Burgerregtebeweging?*

**[VLAK 6]**
**Om volpunte te behaal, moet na oorsprong, intensie en vooroordeel/ beperkings en waarde in die bron verwys word.**
- In 'n mate betroubaar of betroubaar met enkele beperkings.
- Uittreksel is van John Lewis, 'n ondersteuner van King, wat gehelp het om die optog na Washington te organiseer. Hy was ook 'n lid van SNCC, 'n organisasie wat krities teenoor King kon wees.
- Ooggetuieverslag van gebeure, dus 'n primêre bron van inligting.
- Onderhoud terugskouend gegee en Lewis mag dalk selektief wees in sy herinneringe aan King, subjektiewe inligting, gevolglik bevooroordeelde inligting. Loof slegs vir King (toepaslike aanhaling om vooroordeel te toon).
- Bedoeling van die bron blyk persoonlike nabetragting van King te wees.
- Onderhoudsvrae is nie ingesluit nie; dit is 'n beperking.
- Geredigeerde bron, seleksie mag belangrike inligting uitsluit; dit is 'n beperking.
- Betroubaar omdat Lewis deel van die beweging was, het persoonlike onderhandelings met King gehad, het tot verskillende organisasies behoort, maar is bevooroordeeld en lewer geen kritiek op King nie.

**[Nasieners moet nie regmerkies gebruik om na te sien nie, maar moet eerder die volgende simbole gebruik (I = Bedoeling (Intention), B = Vooroordeel (Bias), L = Beperkings (Limitations), O = Oorsprong (Origin)) om volgens die rubriek na te sien. Die opsomming hierbo dien as riglyn.]**

IEB Copyright © 2019

Gebruik hierdie rubriek in samehang met die bogenoemde riglyne.

| | |
|---|---|
| 5–6 | **Evaluering/ Beperkings & vooroordele**<br>Begryp die bron/ erken beperkings/ fokus op oorsprong en voorneme en erken vooroordeel om te besef dat die bron se betroubaarheid beperk is. Moet aanhaal/ verwys na vooroordeel in die bron **of** vooroordeel van die oorsprong en publikasie om 6 punte te verdien. |
| 3–4 | **Ontleding en beperkings**<br>Toon die vermoë om die bron te verstaan/ erken oorsprong en/ of bedoeling en maak vae melding van die beperking van die bron as dit op sy eie gebruik word/ geen poging om die bron te evalueer nie (vooroordeel, ens.). |
| 1–2 | **Begrip**<br>Beskryf die inligting wat uit die bron verkry is/ kan slegs die bron verstaan, maar geen poging om die bron self te evalueer nie (beperkte bespreking van oorsprong of bedoeling). |
| 0 | Geen poging aangewend om die vraag te beantwoord nie. |

**Verwys na Bron G en Bron H**

19. ***Verwys na Bron G en Bron H sowel as jou eie kennis om aan te dui of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs WAAR of ONWAAR neer. (Geen verduideliking word benodig nie.)***

**[VLAK 2]**
19.1 *Dr. Martin Luther King jr. het verwys na rassisme, segregasie en polisiegeweld toe hy die onreg in Birmingham beskryf het.*

**WAAR**

**[VLAK 2]**
19.2 *Dr. Martin Luther King jr. is in Birmingham in die tronk gesit vir burgerlike ongehoorsaamheid.*

**WAAR**

**[VLAK 2]**
19.3 *Die "Letter from a Birmingham Jail" en die "I Have a Dream" toespraak het meestal positiewe publisiteit vir die Burgerregtebeweging tot gevolg gehad.*

**WAAR**

**[VLAK 1]**
19.4 *Die opmars na Washington in 1963 is deur slegs Afro-Amerikaners gesteun.*

**ONWAAR**

**[VLAK 4]**
19.5 *Bron G en H beweer albei dat dr. Martin Luther King jr. die belangrikste persoon in die burgerregteprotes was.*

**WAAR**

IEB Copyright © 2019 

## AFDELING C BRONGEBASEERDE OPSTEL

**Gebruik Bronne A tot H in die Bronmateriaalboekie om 'n brongebaseerde opstel oor die volgende onderwerp te skryf:**

*In watter mate was dr. Martin Luther King jr. gedurende die 1960's verantwoordelik vir die sukses van die Burgerregtebeweging in die Verenigde State van Amerika?*

**Maak seker dat jy die bronne wat voorsien word, gebruik om jou argument saam te stel en onthou om die letters te gebruik om na die bronne te verwys.**

**[VLAK 2, 3, 4, 5 en 6]**

**Die opstel word holisties nagesien deur die IEB se brongebaseerde opstelrubriek met die memorandum as riglyn te gebruik.**

- Kandidate kan argumenteer dat King in 'n **meerdere mate** verantwoordelik was vir die sukses van die Burgerregtebeweging in die 1960's.
- King se roem, filosofie, wetgewende sukses, media-aandag, simboliek, vermoë om te inspireer, invloed op die regering en posisie in die samelewing bevestig sy belangrikheid vir die sukses van die Burgerregtebeweging.
- Plaaslike leierskap, interaktiwiteit, studente-geleide protes, SNCC en ander faktore was in 'n **mindere mate** verantwoordelik vir sukses.
- Moderne historiese teorieë bespreek ander faktore, maar erken King steeds as baie belangrik in die sukses van die beweging.

**OF**

- Kandidate kan argumenteer dat King in 'n **mindere mate** verantwoordelik was vir die sukses van die Burgerregtebeweging in die 1960's.
- King se roem, filosofie, wetgewende sukses, media-aandag, simboliek, vermoë om te inspireer, invloed op die regering en posisie in die gemeenskap, het slegs gedeeltelik 'n rol gespeel in die sukses van die Burgerregtebeweging in die 1960's.
- Plaaslike leierskap, interaktiwiteit, studente-geleide protes, SNCC en ander faktore was in 'n **meerdere mate** verantwoordelik vir sukses.
- King se rol word dikwels oordryf; 'n mite, en plaaslike lewe het nie altyd verbeter nie. Die meeste protesoptredes is deur plaaslike leierskap en studente gereël. Die jonger geslag het King gekritiseer vir die tempo van verandering en die filosofie van nie-geweld. SNCC het sitbetogings, Vryheidsritte en Vryheid-somer gereël.
- Moderne historiese teorieë beklemtoon die belangrikheid van plaaslike leierskap en interaktiwiteit as die kritieke aspek in die sukses van die beweging.

IEB Copyright © 2019

| ARGUMENT / BRON | **Dr. Martin Luther King jr. was verantwoordelik vir die sukses van die Burgerregtebeweging**<br><br>**Fokuswoorde: mindere mate/ meerdere mate** | **Dr. Martin Luther King jr. was nie verantwoordelik vir die sukses van die Burgerregtebeweging nie**<br><br>**Fokuswoorde: mindere mate/ meerdere mate** |
|---|---|---|
| **A** | **King is as hoofleier erken en was verantwoordelik vir die vermeerdering van die beweging se getalle en steun en voorsien dit van 'n filosofie**<br><br>"… die onbetwiste leier van die vreedsame Burgerregtebeweging in die 1960's …"<br><br>"… King se boodskap van vreedsame verandering [het] bygedra tot die beweging se groeiende getalle en het dit morele krag daaraan verleen …"<br><br>*Time* tydskrif het hom in 1963 as "Man van die Jaar" benoem.<br><br>"… hy [het] die Nobelvredesprys gewen en is beskryf as die eerste persoon in die Westerse wêreld wat gewys het dat 'n stryd sonder geweld gevoer kan word." | |
| **B** | **King het daartoe bygedra dat wette verander is**<br><br>"… die beweging [het] geleer uit King se leierskap van massaprotes oral in die Suide. Hierdie werke hou dikwels direk verband met die wetgewende suksesse van die middel 1960's …"<br><br>**Media-aandag**<br><br>"… Die feit dat King die media betrek het, het beslis plaaslike pogings aangehelp om wit oppergesag uit te daag …" | **Moderne historiese teorieë beklemtoon die belangrikheid van plaaslike leierskap en interaktiwiteit as die kritieke aspekte in die sukses van die beweging.**<br>**King slegs deel van sukses.**<br><br>"… plaaslike leiers in die Suide moontlik net so belangrik was vir die aftakeling van segregasie as King …"<br><br>"… King se leierskap het berus op 'n groot netwerk van plaaslike leiers, en in party gevalle verswak dit King se aanspraak op grootsheid."<br><br>"… King se leierskap was grotendeels interaktief en uiters afhanklik van die werk van vriende, kollegas en 'n wye netwerk van ... aktiviste ..."<br><br>**King mag dalk media-aandag gebring het, maar min het verander nadat hy en die media vertrek het**<br><br>"… sy vertrek het ook die vertrek van die media voorafgegaan, wat plaaslike leiers met die taak gelaat het om die reaksie van wrewelrige wit gemeenskappe en uitgeputte swart gemeenskappe te hanteer" |

| | | |
|---|---|---|
| **C** | **King was simbolies en het invloed in hoë plekke gehad en vir media-aandag gesorg, hy het die ondersteuning en nie-gewelddadige ideologie verenig**<br><br>"… 'n simboliese leier soos King."<br><br>"… meer prestige as mag … die intellektuele eenvoud van sy filosofie; … sy vriendskap met die man in die Wit Huis – is alles noodsaaklik vir die rol wat hy speel, en van onskatbare waarde vir die sukses van die beweging ..."<br><br>"… King [het] die stryd beïnvloed wat in Mississippi, Alabama en Georgia gevoer is, ... hierdie bewegings [is] ook gelei deur ... plaaslike leiers wat af en toe King se welsprekendheid gebruik het om ... betogers by massavergaderings tot aksie aan te spoor …" | **King se rol is oordryf en is 'n mite, hy was nie die enigste belangrike leier nie omdat suksesvolle protes sonder hom onder plaaslike leierskap ontstaan het**<br><br>"... King-mite ... as die ... leier van die Burgerregtebeweging ... as die inisieerder en enigste onontbeerlike element in die suidelike stryd van die 1950's en 1960's. ... die mite beklemtoon die individu ten koste van die beweging, dit oordryf nie net King se historiese belang nie, maar verdraai ook sy werklike, aansienlike bydrae tot die beweging ..."<br><br>"… King was beslis nie die enigste belangrike leier van die Burgerregtebeweging nie, want volgehoue protesbewegings het in baie suidelike gemeenskappe ontstaan waar King min of geen direkte betrokkenheid gehad het nie. ... plaaslike leiers wat af en toe King se welsprekendheid gebruik het om ... betogers by massavergaderings tot aksie aan te spoor, terwyl hulle geweier het om van sy teenwoordigheid afhanklik te wees." |
| **D** | **Studenteorganisasies het King as 'n belangrike leier erken**<br><br>"… SNCC werkers het erken en die feit respekteer dat eerw. King geliefd was in die gemeenskappe waar hulle doenig was." | **Studenteorganisasies het suksesvolle onafhanklike organisasies en protesoptrede onafhanklik van King geïnisieer**<br><br>"Wat vars en nuut in ons stryd is, is die feit dat dit deur studente geïnisieer, gevoed en volgehou is ..."<br><br>"Eerw. King het gehoop dat die studente sou besluit om die studentevleuel van sy organisasie, SCLC ... te word. Die studente het besluit hulle sal nie." |
| **E** | **Studentegroepe het 'n rol gespeel in optogte wat deur King gereël is**<br><br>"… Die nuwe groep het 'n belangrike rol gespeel in die Vryheidsritte wat daarop gemik was om busse te desegregeer, en in die optogte wat deur Martin Luther King jr. en die SCLC georganiseer is …" | **Studenteorganisasies, onafhanklik en ietwat krities oor King, was verantwoordelik vir sitbetogings, Vryheidsritte en Vryheidsomer**<br><br>"Die SNCC of *Student Nonviolent Coordinating Committee* ... het spoedig een van die meer radikale takke van die beweging geword. … Sy was bekommerd dat SCLC, onder leiding van Martin Luther King jr., uit voeling was met jonger Afro-Amerikaners wat wou hê dat die beweging vinniger moes vorder."<br><br>"… SNCC ... verder as integrasie te kyk na wyer maatskaplike verandering en om King se beginsel van vreedsaamheid meer as politieke taktiek te beskou en nie as 'n lewenswyse nie."<br><br>"… Die nuwe groep het 'n belangrike rol gespeel in die Vryheidsritte wat daarop gemik was om busse te desegregeer."<br><br>"… die *Student Nonviolent Coordinating Committee* het ook baie van die ... kiesers-registrasieveldtogte in die Suide aangevoor." |

| | | |
|---|---|---|
| **F** | **King was in staat om die aandag en optrede van belangrike politici te verkry en was die groot dryfveer van suksesvolle optrede deur die beweging**<br><br>"… tydens die Vryheidsritte in 1961 ... in Montgomery. King was daar … King het 'n oproep na [prokureur-generaal] Robert Kennedy gemaak en hý het krygswet in die stad Montgomery afgekondig."<br><br>"Hy het my geïnspireer. Hy het my opgehef. Hy was 'n dapper en moedige persoon, en as jy na sy toesprake geluister het of wanneer hy met jou gepraat het was jy gereed om uit te gaan en jou lewe op die spel te plaas, want hy het dit so eenvoudig en duidelik gemaak dat dít die regte ding was om te doen." | |
| **G** | **King het uitmuntende toesprake gelewer wat die aandag op die beweging gevestig het**<br><br>… King se "I have a Dream"-toespraak is ... een van die groot redevoerings van die 20ste eeu."… beroemde toespraak by die Lincoln-gedenkteken …"<br><br>"…'Letter from a Birmingham Jail' … Dié brief het die aandag gevestig op die Birmingham-beweging en bygedra het tot King se roem." | |
| **H** | **King het massasteun gelok en media-aandag verkry om sukses vir die beweging te bring**<br><br>King staan voor 'n massabyeenkoms.<br><br>King in voorgrond afgeneem, lyk groter en belangrikste fokus.<br><br>Media-aandag op King as persverteenwoor-digers hom afneem. | **King is slegs een van verskeie individue wat met die sukses van die beweging gehelp het**<br><br>Die foto toon baie mense by die opmars na Washington. |

**Totaal: 200 punte**

IEB Copyright © 2019

## GENERIESE RUBRIEK VIR BRONGEBASEERDE OPSTEL

| | Argument + fokus | Gebruik van bronne | Teenargument | Struktuur + styl | Hoofindruk |
|---|---|---|---|---|---|
| **7+**<br><br>**90–100%**<br><br>**45–50** | Neem standpunt in.<br>Hou standpunt deurgaans vol.<br>Handhaaf duidelike en konsekwente fokus.<br>Verstaan alle aspekte van die vraag.<br>Skakel bronne en vraag baie goed aaneen. | Gebruik al die bronne en verwys daarna deur die letter te gebruik.<br>Gebruik besonderhede van die bronne om argument en teenargument te staaf.<br>Haal selektief aan waar toepaslik. | Bespreek teenargument volledig.<br>Erken teenargument in inleiding en slot.<br>Skakel deurgaans die teenargument met die hoofargument. | Kort inleiding en slot wat daarop fokus om die vraag te beantwoord.<br>Gebruik paragrawe.<br>Vlot uitdrukking. | Opstel is logies, samehangend en bondig.<br>Dit weerspieël uitstekende historiese insig en begrip. |
| **7**<br><br>**80–89%**<br><br>**40–44** | Neem standpunt in.<br>Volgehoue argument met enkele dwalings wat nie afbreuk doen aan die begrip of fokus nie.<br>Skakel bronne en vraag goed aaneen. | Soos hierbo. | Soos hierbo. | Soos hierbo. | Opstel is duidelik en akkuraat, alhoewel die styl nie altyd bondig is nie.<br>Dit weerspieël baie goeie historiese insig en begrip. |
| **6**<br><br>**70–79%**<br><br>**35–39** | Neem standpunt in.<br>Fokus op die vraag, maar mag enkele dwalings in fokus of bedoelde fokus hê wat afwyk van die argument.<br>Skakel bronne en vraag aaneen. | Gebruik al die bronne en verwys daarna deur die letter te gebruik.<br>Gebruik besonderhede van bronne, maar daar is soms leemtes of geringe afwykings in bewyslewering.<br>Haal selektief aan waar toepaslik. | Identifiseer teenargument. | Inleiding en slot wat daarop fokus om die vraag te beantwoord.<br>Gebruik paragrawe.<br>Uitdrukking bevredigend. | Opstel is 'n goeie poging maar ontbreek diepte.<br>Dit is oor die algemeen vloeiend, maar beperkte herhaling kom voor.<br>Daar is enkele beperkings in historiese insig en begrip. |
| **5**<br><br>**60–69%**<br><br>**30–34** | Wend 'n poging aan om standpunt in te neem.<br>Leemtes in fokus of gebruik bygevoegde/ geïmpliseerde fokus.<br>Argument is inkonsekwent of sonder diepte.<br>Hier en daar tekens dat bronne en vraag aaneenskakel. | Gebruik die meeste bronne en verwys daarna deur die letter te gebruik.<br>Beskryf of parafraseer bronne eerder as om inligting daaruit te gebruik.<br>Gebruik te veel lang aanhalings uit die bronne. | Identifiseer teenargument, maar nie volledig nie.<br>Laat sommige aspekte van die teenargument uit. | Inleiding en gevolgtrekking teenwoordig, maar gebrekkig.<br>Uitdrukking bevredigend. | Opstel poog om die vraag te beantwoord, maar is nie deurgaans vloeiend en akkuraat nie.<br>Dit toon basiese insig, maar daar is beperkte historiese begrip. |

IEB Copyright © 2018

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **4**<br><br>**50–59%**<br><br>**25–29** | Neem swak standpunt in.<br>Gebruik bygevoegde/ geïmpliseerde fokus.<br>Wend 'n swak poging aan om bronne en vraag aaneen te skakel. | Laat 2 of 3 bronne uit.<br>Beskryf of lys* bronne eerder as om inligting daaruit toepaslik te gebruik.<br>Gebruik ontoepaslike of te lang aanhalings.<br>Bondel* bronne saam. | Identifiseer teenargument op basiese vlak. | Swak inleiding en slot.<br>Inleiding OF slot ontbreek.<br>Strukturele probleme (bv. gebrek aan paragrawe.)<br>Uitdrukking bevredigend. | Opstel toon oppervlakkige begrip van vraag.<br>Daar is min bewys van historiese begrip en insig. |
| **3**<br><br>**40–49%**<br><br>**20–24** | Wend 'n powere poging aan om standpunt in te neem.<br>Weinig poging om te fokus.<br>Toon min begrip van argument.<br>Bevat onakkuraathede en leemtes.<br>Poog onsuksesvol om bronne en vraag aaneen te skakel. | Gebruik die helfte van die bronne glad nie.<br>Het swak begrip van bronne.<br>Gebruik weinig toepaslike aanhalings. | Het geen teenargument nie of dit is baie simplisties. | Strukturele probleme.<br>Inleiding en/ of slot ontbreek.<br>Uitdrukking swak. | Opstel is moeilik om te lees of die argument is moeilik om te volg.<br>Dit toon 'n gebrek aan begrip van die vraag, of hoe om bronne te gebruik om die vraag te beantwoord. |
| **2**<br><br>**30–39%**<br><br>**15–19** | Wend geen poging aan om standpunt in te neem nie.<br>Fokus nie op vraag nie.<br>Nie in staat om bronne en vraag aaneen te skakel nie. | Gebruik baie min bronne.<br>Het 'n baie swak begrip van bronne. | Soos hierbo. | Strukturele probleme.<br>Uitdrukkingsvermoë baie swak. | Opstel toon geen begrip van historiese kwessies soos in die bronne aangetref nie.<br>Dit toon weinig begrip van die vraag, maar kandidaat het gepoog om sommige inligting in die bronne te gebruik. |
| **1**<br><br>**0–29%**<br>**0–14** | Wend geen poging aan om te fokus nie.<br>Verstaan die vraag glad nie. | Gebruik slegs een of geen bronne nie.<br>Skynbaar nie in staat om relevante bronne te gebruik nie. | Geen teenargument nie. | Strukturele probleme.<br>Uitdrukkingsvermoë uiters swak. | Opstel toon uiters gebrekkige begrip van bronne of van vraag, of hoe die twee aaneenskakel. |

- Lys bronne – gebruik bronne alfabeties eerder as om dit te groepeer ter ondersteuning van die argument of teen-argument, bv. Bron A toon …; Bron B beweer …; volgens Bron C ...; in Bron D … ens.
- Bondel bronne saam – hanteer verskeie bronne gelyktydig eerder as afsonderlik, en gee daarmee te kenne dat almal dieselfde ding sê, bv. Bronne A, C, F en H.

IEB Copyright © 2019